



Die agtergrond tot die NGB

Die Nederlandse geloofbelydenis (NGB) se Latyn benaming is "Confessio Belgica" en word in Engels "the Belgic Confession" genoem. Geskryf in 1561 deur Guido de Brès is die NGB een van die vaandeldraers van die Protestante geloof. Die doel met die geskrif was om koning Philip II van Spanje te oortuig om meer verdraagsaam te wees teenoor die Protestante. Die Skietlood het (met klein onderbrekings) sedert 24 Januarie 2017 aandag geskenk aan die 37 artikels van die NGB. Om die reeks af te sluit, gaan ons kortliks kyk na die historiese aspekte van hierdie belangrike teks.

Die Latynse benaming verwys na die hele Nederland (van daardie tyd) wat verdeel was tussen Noord en Suid. Vandag ken ons dit as Nederland (noorde) en België (suide, met stuk van noorde van Frankryk). Kom ons kyk na die outeur, die ontstaan van die teks, en die konteks.

Die Outeur

Guido (of Guy, Wido) de Brès is gebore ±1523 in Mons, Hennegan, Nederland. Sy huistaal was Frans, maar gesien waar hy gewoon het, kan ons aanvaar dat hy Nederlands ook magtig was ('n standpunt wat ondersteun word deur sy vertaling van 'n Nederlandse boek na die Franse taal. Hy het as Roomse lidmaat grootgeword en hy in 1547 het na ywerige bestudering van die Bybel oorgeskakel na die Protestante leerstellings en oortuigings. De Brès se Protestante oortuiging het gemaak dat hy uit Nederland moes vlug. Hy het na

Londen gevlug, waar hy ook sy eerste teologiese opleiding ontvang het. In 1552 het hy na sy vaderland terug gekeer en het 'n reisende prediker geword. Sy eerste boek is in 1555 gepubliseer. In die boek het hy die Protestante dogma suksesvol verdedig deur aan te haal uit die vroeë kerkvaders se geskrifte. In 1556 moes hy weer vlug weens vervolging, hierdie keer na Frankfort. Hier het hy sy teologiese opleiding voortgesit en kontak gemaak met onder andere Beza en Calvyn. In 1559 het hy weer terug gekeer na die Nederlande. Navorsers beweer dat hy reeds in 1559 begin werk het aan 'n eie belydenis. Hierdie belydenis het hy in 1561 gepubliseer, en dit staan nou by ons bekend as die NGB. Hy het as martelaar tot sterwe gekom in 1567.

Die teks

Die NGB bestaan uit 37 artikels: Die leerstukke oor God (1-2, 8-13), die Skrif - God se openbaring (3-7), die mens (14), sonde (15), Christus (18-21), ons redding (16-17, 22-26), the die kerk (27-36), en die wederkoms - eindtye (37). Neem ons nog een tree terug, sien ons dat die NGB by benadering die indeling van die Apostolicum volg, deur opeenvolgend God, die Seun en die werk van die Heilige Gees te verwoord. Die NGB is (anders as Dordt - wat een saak in die besonder aanspreek) 'n meer omvattende opsomming van die hoofmomente van Protestante (en die kerk van alle eeue) se verstaan van die Bybel.

In terme van inhoud en volgorde is dit duidelik dat die Confessio Gallicana -

wat grootliks deur Calvyn opgestel is - gedien het as model vir De Brès se teks. In 1562 is 'n kopie van die NGB aan Koning Philip II gestuur, saam met 'n dekbrief wat gestel het dat die ondertekenaars van hierdie belydenis bereid was om die regering in alle wettige opdragte gehoorsaam te wees. Hulle het gestel dat hulle staan en val by die waarheid wat in die NGB opgeteken staan. Hulle sou eerder "hulle rug oorgee om gezesel te word, hulle tonge laat uitsny, hulle monde laat snoer, en hulle hele liggaam laat brand eerder as om die inhoud te ontken of verloën.

Die aanduidings is dat Calvyn vir de Brès aangemoedig het om nie 'n nuwe belydenis op te stel nie; aangesien hy skynbaar bang was nuwe belydenisse kan tot onenigheid en verdeling lei onder die Protestante. De Brès het aanvanklik ag geslaan op Calvyn se raad, maar in 1561 het sy eie situasie die publikasie van die NGB na sy oordeel nodig gemaak. Dit was 'n goeie besluit, die NGB word wyd gesien as een van die beste opsommings van die Protestante perspektiewe en dogmas. Die eerste druk het in 1561 te Rouen verskyn. Die sinode van Antwerpen het die teks in 1566 hersien en die hersiene teks is dieselfde jaar te Geneve gedruk. Dit is vertaal na Duits, Nederlands en Latyn. Opeenvolgende sinodes het die NGB onderskryf, met finale aanvaarding in 1619 te Dordt (teks amptelik aanvaar in Frans, Nederlands, Duits en Latyn).

Konteks

Daar is reeds verwys na die vervolging van die Protestante en De Brès se martelaarsdood toe hy in 1566 gehang is vir sy dogmatiese oortuigings. Sommige navorsers beweer dat tot een honderd duisend (100 000) Nederlandse Protestante tydens die Roomse vervolging marteldode gesterf het.

Die doel met die NGB was om te bewys dat die Protestante se geloof getrou aan die Bybel is, met ander woorde die geloof is van die Christelike kerk deur die eeue. Daarmee saam wou De Brès duidelik aandui dat die Protestante anders is en dink as die Anabaptiste. Die hoop was dat die Roomse Inkwisisie en moorde dan sou einde kry.

Die NGB is 'n Protestante dokument, maar moet primêr verstaan word as 'n Calvinistiese dokument. Daar is reeds verwys na die kontak tussen De Brès en Calvyn, asook die duidelike invloed wat Calvyn se Franse belydenis (1559) op die NGB. Dit word in die besonder duidelik uit De Brès se hantering van sake soos die twee nature van Christus en die aard van die Nagmaal. Hy kies duidelik teen die Lutherse verstaan vir Calvyn se interpretasie.

Die NGB is 'n tydlose Protestante dokument wat elke teologie student kan begelei tot 'n goeie verstaan van die Bybel. Die Bybel is ons *norma normans*, die NGB 'n baie goeie *norma normata*. Die Skrif is "*norma normans non normata*" die norm van norme wat nie genormeer word nie. Die NGB se relatiewe **normata*" maak dit nie minder bruikbaar nie.